



eduresourceza.com

Grade:	12
Subject:	AFRIKAANS
Name of assessment:	PROEFEKSAMEN
Date:	7 SEPTEMBER 2023
Student Name:	
Time started:	
Time ended:	
Number of pages uploaded: (including the cover pages)	

INVIGILATOR DECLARATION

This form is to be completed and signed by the invigilator of this assessment and must be uploaded along with the completed assessment into the submission box on Moodle.

I _____, confirm that this assessment was written:

1. Under uninterrupted supervision.
2. Within the specified time limit.
3. Without access to Moodle, notes, textbooks, internet research or any other resources, unless specified as allowed for during the test.
4. Without a cell phone in the vicinity of the exam / test venue.
5. Without any assistance from another person, including myself.
6. Without any prior tips / coaching towards the specific questions of the test from me.

Notes:

.....

.....

Signature: _____

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

PROEFEKSAMEN

GRAAD 12

7 SEPTEMBER 2023



Tyd: 2 ½ uur

Eksaminator: I Coetzee

Totaal: 100 punte

Moderator: C Snyders

Naam & Van:

Lees hierdie instruksies aandagtig deur:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **14** bladsye (die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad word daarby ingesluit). Maak seker dat jou toets-/eksamenvraestel volledig is.
This paper consists of a question paper of 14 pages (including the Invigilator's Declaration and this cover page). Check that your test/exam paper is complete.
2. Lees die inligting en vrae aandagtig deur.
Read the information and questions carefully.
3. Beantwoord al die vrae op lyntjies papier.
Answer all the questions on lined paper.
4. **Geen getikte antwoordstelle sal aanvaar word nie.** Jy moet in blou of swart ink skryf.
No typed scripts will be allowed. They must be hand-written in blue or black ink.
5. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf.
It is in your own interest to write legibly and to present your work neatly.
6. Maak seker dat al jou bladsye leesbaar is voordat jy jou werk stoor en oplaai. Onvolledige of onleesbare werk mag nie later opgedateer word as jou tyd verstreke is nie.
Be sure to scan all pages clearly before saving and uploading your test/exam – incomplete or unreadable tests may not be updated after the submission box has closed.
7. Skandeer die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad in saam met jou antwoordstel.
Ensure that the signed Invigilator's Declaration and this cover page are scanned in with your test/exam.
8. Stoor jou werk as volg: Van_Voor naam_Toetsnaam_Datum.
Save your work according to the following naming convention: Surname_Firstname_Test Name_Date.
9. **Please note that should you access the course content on Moodle during this test/exam you will receive a zero. Consulting Google for definitions, diagrams or any other information during this test/exam will also result in zero. Both are considered cheating and will carry negative consequences.**

AFDELING A: LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1. Dit is 'n goeie idee om 'n opstel of paragraaf te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

BEPLANNING	VRAAG
 (linkerkantse bladsy)	 (regterkantse bladsy)

DONKER WEB Fanie Viljoen



Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, DONKER WEB.

VRAAG 1 GREG EN XANDER

Weer kom die gedagte by my op: Daar is net een mens wat my sal kan help, en dis Xander Gericke. Hy het immers eerste van Project Nursery Rhyme uitgevind. Dalk weet hy meer daarvan. Dalk weet hy selfs wie die Baker is. Maar moet ek dit doen? Wonder ek. Moet ek hom nou weer kontak, ná alles wat gebeur het? Moet ek 'n deal met die duiwel maak?

[bl. 70]

1.1.1 Waarom haat Greg vir Xander? (1)

1.1.2 Hoekom is Greg so desperaat om die Baker te vind? Gee twee redes. (2)

1.1.3 Greg probeer kontak maak met Xander, maar Xander stuur iemand na Greg om sy antwoord oor te dra. Wie was die persoon EN wat was Xander se antwoord aan Greg? (2)

Xander pluk my ander hand nader. Vee die selfoon oor die plek tussen my duim en voorvinger. Niks gebeur nie. Sy kop ruk op. "Jy't vir my gelieg." Uitgevang! Die transponder moes seker die selfoon oopsluit.

"Om te dink ek het jou getrust, Greg. Die vet weet, jy's nes jou pa."

"Ek is jammer, Xander. Hoe kan ek dit regmaak? Noem jou prys."

Xander begin wegstap. "Die deal is af! Geniet jou vakansie in Turkye."

[bl. 137]

1.2.1 Xander kom in Istanboel agter dat die transponder nie in Greg se hand ingeplant is nie. Waar is dit? (1)

1.2.2 Xander beskuldig Greg dat hy net soos sy pa is. Wat bedoel hy daarmee? (1)

1.2.3 Waarom stel Xander nie in Greg se geld belang nie? (1)

1.2.4 Xander is woedend omdat Greg nie sy instruksies gevolg het nie. Wie het Xander daarna oortuig om wel saam met Greg die Baker te soek? (1)

Die boek! Die gebrande boek! Vinnig voel ek onder my klere daarvoor. Dis nie daar nie. Ek voel in al die kantsakkies. Kyk ook in my rugsak. Niks. Ek het dit mos ingepak?

[bl. 162]

1.3.1 Waarom is Xander so kwaad vir Greg oor die gebrande boek? (1)

1.3.2 Daar is weer in Florence konflik tussen Greg en Xander nadat Greg een aand 'n dom ding gedoen het. Wat het hy gedoen en waarom was Xander so woedend daaroor? (2)

1.3.3 Greg raak oortuig dat Xander 'n *social engineering* aanval op Ayla beplan.

1.3.3.1 Waarom is Greg suspisies daaroor? Wat gee hom rede om so te dink? (1)

1.3.3.2 Xander betrap Greg waar hy besig is om Ayla te soen.
Wat was sy reaksie? (1)

1.3.4 Hoe probeer Xander die verhouding tussen hom en Greg aan die
einde van die verhaal herstel? (1)

[15]

VRAAG 2 WANNEER IEMAND TEEN JOU KIES

“Ek het opgemors, okei?” Hy trek sy sweterige hande deur sy hare. Xander en Ayla kom by die trappe af. Plank word bleek. “ek is j-jammer, Xander,” sukkel die woorde oor sy lippe. Xander se houding word meteen forser. “Wat het jy gedoen?”

“Jy het my gewaarsku.” Plank kan nie vir Xander in die oë kyk nie. Nog ’n sweetdruppel gly teen Plank se slape af. “Ek dink ons het groot moeilikheid.”

...

“Die groenteverkoper met wie ek gepraat het, Candon. Hy sê daar het mense kom vra na drie Suid-Afrikaanse ouens en ’n Turkse meisie kom vra.”

[bl. 203, 204]

2.1.1 Waarom het Plank met Candon, die groenteverkoper in Istanboel,
bevriend geraak? (1)

2.1.2 Hoe het die Baker se manne hulle amper gevang? Verduidelik **wat**
gebeur het, EN **hoe** hul ontsnap het. (2)

In elke mens se lewe kom jy te staan voor daardie definiërende oomblikke wat wys wie jy regtig is. Hierdie is een van hulle, besef ek opeens.

Dis ’n wrede keuse wat voor my lê. Ek kan nie daarvan wegstroom of verder onderhandel nie, want daar is nie tyd nie. Daar is net een ding om te doen. Een mens om te kies.

[bl. 208]

2.2.1 Xander dwing Greg om tussen hom en Plank te kies. (1)
Waarom **forseer** Xander vir Greg om **hierdie keuse te maak**?

2.2.2 Greg neem die moeilike besluit en **wie los hy** alleen in Istanboel (1)
agter?

2.2.3 Wat het Greg **gedryf** om hierdie moeilike keuse te maak? (1)

Dit bring 'n herinnering terug wat ek eintlik wil onderdruk. Die dag toe iemand só teen my gekies het. Iemand na aan my. My pa. Op die aand van John se dood.

[bl. 211]

2.3.1 Wat het Greg se pa daardie aand van John se dood vir hom gesê? (1)

2.3.2 Waarom dink Greg dat hy nou **net soos sy pa** is? (1)

2.4 Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor **Greg se verhouding vol konflik met sy pa** en hul **reis na versoening en vrede**.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- **Waarvan** beskuldig Greg se pa hom toe hy hom die eerste keer in die tronk gaan besoek het? (1)
- Greg beleef geweldige innerlike **konflik** hieroor. Aan die een kant is hy **kwaad** vir sy pa, aan die ander kant voel hy **skuldig**. Verduidelik hoekom hy so voel. (2)
- In die epiloog maak Greg en sy pa vrede. Wat het sy pa aan Greg gesê om die verhouding tussen hulle twee te probeer herstel? Noem **TWEE** dinge. (2)
- Greg leer homselg in sy soeke na wraak ken. Hy besef hy is nie perfek nie en dat hy ook baie foute gemaak het. Hoe help hierdie besef van Greg hom **om sy pa te vergewe**? (1)
- Wat belowe Greg aan sy pa aan die einde van die verhaal? (1)

[15]

VRAAG 3 DIALOOG

Greg is uiteindelik weer tuis in Suid-Afrika. Sy ma wil graag weet wat alles tydens sy soeke na die Baker gebeur het. Voltooi nou die gesprek tussen hulle.

Skryf net die **vraagnummer en Greg se respons** in jou antwoordboek neer. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord oop.

- 3.1 Rina: Hoe het jul geweet waar om die Baker te gaan soek?
(Noem TWEE feite.) (2)
Greg: ...
- 3.2 Rina: Wie was die Baker waarna julle so lank gesoek het? (1)
Greg: ...
- 3.3 Rina: Hoekom was dit vir die Baker moontlik om by Projek Nursery Rhyme betrokke te raak? Wat was sy agtergrond? (2)
Greg: ...
- 3.4 Ma En die vrou wat by hom was? Wie is dit? Hoe was sy by Projek Nursery Rhyme betrokke? (2)
Greg: ...
- 3.5 Rina: Met watter projek was die Baker voor sy dood besig? (1)
Greg: ...
- 3.6 Rina: Jy het vroeër genoem dat hy selfs sy eie broer doodgemaak het. Wat het hy aan sy broer gedoen?
(Noem TWEE feite.) (2)
Greg: ...

3.7 Rina: Dink jy, die Baker se vrou, Valkyrie, sal met die Baker se wreedaardige projekte op sy rekenaar in sy laboratorium kan voortgaan? (1)

Greg: ...

3.8 Rina: Hoekom dink jy het Xander nie die polisie in sy soektog na die Baker gevra om hom te help nie? (Noem TWEE feite.) (2)

Greg: ...

3.9 Rina: Ek is so ontsettend jammer dat Plank sy lewe in hierdie soektog verloor het. Wie het hom doodgeskiet toe julle gevlug het? (1)

Greg: ...

3.10 Rina: Hoekom het die koerante berig dat Greg Owen se liggaam uit 'n kanaal in Venesië gehaal is? Hier sit jy dan. (1)

Greg: ...

[15]

VRAAG 4 OPSTEL

Greg onthou sy ma se woorde van 'n ou gesegde: "Die ou wat wraak wil neem, moet twee grafte grawe." Wraak is die tema waarom die gebeure in **Donker Web** afspeel.

Skryf nou 'n opstel van **tussen 250-400 woorde** oor die verwoestende effek van wraak op die karakters in **Donker Web** se lewens.

ONTHOU:

- Gebruik die ideekaart hieronder en doen eers **deeglike beplanning** op 'n diagram in **sleutelwoorde**.
- Die punte tussen hakies dui aan **hoeveel feite** in elke paragraaf verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding...**Paragraaf 1 – Wraak as tema DONKER WEB.**

• Waarom wou Greg op die Baker wraak neem?	(2)
• Xander wou eers nie vir Greg help om na die Baker te soek nie. Watter insident het hom van plan laat verander?	(1)
• Greg se ma probeer hom met 'n gesegde keer om wraak te neem as sy sê: "Die een wat wil wraak neem, moet twee grafte grawe." Verduidelik wat hierdie gesegde beteken.	(1)
• Wat beteken die motto in die boek wat sê jy moet oppas om nie soos die monster wat jy wil beveg, te word nie?	(1)

Paragraaf 2 – Waarskuwings dat soeke na wraak skeef kan loop.

• Iemand uit die aanhoudingselle in Stellenbosch laat Greg besef sy soeke na die Baker kan ander mense se lewens in gevaar stel. Wat het die persoon (stem) aan hom gesê?	(1)
• Na die langnaweek terug in Stellenbosch kom Greg agter dat sy eie lewe ook in gevaar is. Watter twee waarskuwings kry hy in sy woonstel?	(2)
• Oom Dirk waarsku Greg en vergelyk die soektog na die Baker met 'n Gordiaanse knoop . Wat het hy met hierdie vergelyking bedoel?	(1)
• Xander en Greg het die Baker op die donker web met navrae oor gif probeer uitlok. Hoe het die Baker daarop gereageer ?	(1)

Paragraaf 3 – Die negatiewe effek van wraak op die karakter se lewens.

• Verduidelik hoekom Greg se soeke na die Baker sy pa en ma se lewens in groot gevaar gestel het.	(2)
• Greg het self fisies gely en is byna dood as gevolg van 'n slim plan van die Baker. Verduidelik wat die Baker aan Greg gedoen het.	(1)
• Wat het die Baker met die regter se lyk gedoen nadat hulle hom wreed vermoor het en hoe het Xander daarop reageer?	(2)
• Wat bedoel Xander as hy aan Greg sê dat wraak nie so soet is soos wat hy verwag het nie en dat hy nou een van “hulle” is?	(1)
• Plank betaal duur vir Greg en Xander se soeke na die Baker. Vertel wat gebeur toe hy deur die Baker se manne gevang is en wat later aan die einde van die verhaal met hom gebeur het.	(2)
• Hoekom kan ons sê dat Lisa op 'n manier ook 'n slagoffer van Greg se soeke na wraak was?	(1)
• Op watter manier het die gesegde dat die een wat wraak wil neem, twee grafte moet grawe, in Greg se lewe waar geword?	(1)

Slot...

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]

AFDELING A: 70 PUNTE

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **al twee** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke skryfstuk neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
 - interpretasie van die opdrag;
 - inhoud en idees;
 - register en toon; asook
 - taalgebruik.

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstukke te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif **BEPLANNING** boaan elk.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstukke klaar is.

VOORBEELD:

BEPLANNING  (linkerkantse bladsy)	VRAAG  (regterkantse bladsy)
---	---

VRAAG 5 ONDERHOUD

Jou skool beplan 'n Lentefees waar Focalistic, Neil Hunter (kleetsrymers - *rappers*), en Marshblxck ('n platejoggie) gaan optree.



Bron: <https://pan-african-music.com/en/focalistic>

OPDRAG:

Jy is op die feeskomitee, en is gevra om 'n **onderhoud** met **EEN** van hierdie drie musieksterre te gaan voer sodat julle hierdie groot fees beter kan bemark. Jy moet jou onderhoud in **dialogvorm** skryf.

Dink aan die volgende:

- Watter **soort musiek** hy op die groot aand by jul skool sal aanbied.
- Hoe hy met sy **loopbaan** in die musiek **begin** het.
- Hoe hy **bekend** geraak het.
- Hoe 'n **tipiese werksdag as sanger** lyk.
- Wat sy **toekomsdrome en ideale** is.

Instruksies:

- Die inhoud van jou onderhoud moet **tussen 150-200 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou onderhoud neer.**
- Jy kan die onderstaande formaat vir jou onderhoud gebruik.

Onderhoud met...	
Ek:	Xxxxxx ?
Musiekster:	

[20]

VRAAG 6: E-POS - KLAGTE

Jy het onlangs by 'n baie duur restaurantsaam met 'n spesiale persoon gaan eet. Jy is baie ongelukkig oor die slegte/onsmaaklike ervaring by die restaurant en kla nou by die bestuurder daaroor.

OPDRAG:

Skryf 'n kort e-pos aan die bestuurder en kla oor die volgende sake:

- Jy moes **baie lank** vir jou bestelling wag.
- Die kos wat na jou tafel gebring is, was **nie wat jy bestel** het nie.
- Die kelner was **ongeskik en kortaf** met jou.
- Die **rekening was verkeerd**.

Instruksies:

- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60-100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy kan die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

Aan:	_____
Van:	_____
Onderwerp:	_____
Geagte Meneer / Mevrouw	
.....	
Xxxxxx	
.....	
Die uwe (Jou naam)	

[10]

AFDELING B: 30 PUNTE

TOTAAL (AFDELINGS A + B): 100 PUNTE